

Saterdag 13 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 32:1-20

Fokusgedeelte: Eksodus 32:1-20

Die les van die goue kalf

'n Mens kyk baie keer na die geskiedenis van die goue kalf, en dan voel dit of dit baie ver verwyder is van my huidige omstandighede. Hierdie is nie die tipe sonde waaraan ek myself ooit sal skuldig maak nie, is dit? Om voor 'n goue kalf te sing en te dans, nee, ek sien nie hoe ek dit doen nie. Hierdie is darem een van die sondes waaroor ek nie hoef bekommerd te wees in my daaglikse lewe nie.

So redeneer ons, en tog word ons so maklik saamgesleep deur idees, deur die tydsgees, deur die kultuur. Baie nuwe foefies, toepassings, media-dinge, idees wat ons net vir soetkoek opeet, sonder om te dink aan die implikasie, die gevaar, waarin dit ons onself kan laat bevind.

Hier is 3000 Israeliete wat die hele volk skuldig maak aan afgodery. 3000 mense wat 'n halfmiljoen op die verkeerde pad lei. Deur net eenvoudig die leuen by die res te laat posvat dat daar nie 'n ander manier, 'n ander opsie is nie. Moses is weg, en hierdie is die pad vorentoe.

Hoe maklik en hoeveel keer is ons al op 'n pad vorentoe, 'n entjie ver weg, voordat ons beseft dat hierdie pad nie slim, wys, of selfs dalk Christelik is nie. Maak ons seker dat dit wat ons dink en doen en sê, alles tot eer van God is? Dat ons nie dalk meegesleur is deur 'n leuen nie. Skielik is ons besig om meer aandag en tyd te gee aan iets wat God nie dien nie, iets wat Hy heeltemal verafsku en selfs haat?

Voor ons die waarskuwing van die goue kalf afmaak as iets wat ek nooit sal doen nie, moet ons eers ware selfondersoek doen om seker te maak dat ek nie besig is om voor 'n goue kalf te kniel nie.

Sing: Psalm 103-1:1, 7

Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)